



Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Liewe NG Rietfontein-Suid Lidmaat,

Ons weet dat die Covid-19 pandemie 'n radikale verandering in elke mens, asook in ons gemeente en ons samelewing, teweeggebring het. Wie sou kon dink dat ons kerkgebou vir weke toegesluit sou word en dat ons met wetgewing verbied sou word om Sondae kerk te hou? Geen Bybelstudies, Kuierhoekie, katechese, kursusse, selgroepe of selfs kuier oor 'n koffie na 'n ere-diens nie. Ons almal sukkel sekerlik om nog tot verhaal te kom ná hierdie verandering waarmee ons só skielik gekonfronteer is. Ons kan egter getuig dat ons gemeente nog altyd 'n baken van omgee en hoop was, is en ook vorentoe sal wees. Daarom weet ons dat, deur die krag van die Heilige Gees, ons ook in hierdie tyd die Here se Naam sal verheerlik in álles wat ons doen.

Ons wil dankie sê vir elke lidmaat se positiewe en liefdevolle gesindheid in hierdie tyd. Dankie vir elke lidmaat wat verantwoordelik is met higiëne, die sosiale reëls respekteer, en voortdurend vir ons land en haar leiers bid. Dankie dat u ook voortdurend bid vir die kerkleiers, vir alle persone wat op een of ander manier direk besig is om teen die virus te "veg", vir mense wat tans siek is, en vir hulle wie se geliefdes in hierdie tyd afsterwe. Ons wil ook ons opregte dank uitspreek aan elkeen wat op

JAARTEMA: Saam delf ons in die WOORD

een of ander manier ons lidmate en gesinne in nood ondersteun.

Ons besef dat van ons lidmate finansiële uitdagings beleef en dat daar verskillende soorte spanning in hierdie grendeltyd opbou, in verhoudings, tuis of by die werk. Ons is bekommerd oor ons skoolkinders en studente wat nie almal die nodige onderrig ontvang nie. Ons dink met bekommernis aan die dae wat voorlê en hulle wat kan siek word. Wees verseker dat ons diep besorg is en daaglik saam met jou bid. Neem asseblief die vrymoedigheid om met ons kontak te maak in die geval van siekte, behoefte, probleme of nood. Onthou dat ons as leraars per selfoon óf whatsapp/ sms óf epos beskikbaar is.

Op 26 Mei 2020 het die President die geleidelike heropening van kerke en ander geloofsgemeenskappe se byeenkomste aangekondig. Ons neem kennis van hierdie besluite en ons wil jou verseker dat hierdie saak tans hoë prioriteit geniet. Ons wil graag voorkomend optree en die regte besluite en maatreëls daarstel, omdat ons jou gesondheid en veiligheid op die hart dra. Ons is tans besig met beplanning en meer inligting oor die pad vorentoe sal binnekort gekommunikeer word. Tot dan sal ons voortgaan met ons bediening soos ons sedert die begin van die grendeltyd dit hanteer het.


Mag ons álmal in hierdie tyd naby aan die Here leef en mag óns ervaar hoe die Here ons in hierdie krisistyd steeds veilig vashou. Mag die Here vir óns wysheid gee om Kerk te wees, Sy Kerk te wees ook in hierdie tyd.

Ons bid daaglik vir jou veiligheid en vir 'n verrassende goeie Goddelike uitkoms.

Groete in Christus,

Die Leraarspan (Di Leon, Petro en Landi).





Brethren, I do not regard myself as having laid hold of it yet; but one thing I do: forgetting what lies behind and reaching forward to what lies ahead, I press on toward the goal for the prize of the upward call of God in Christ Jesus.

Philippians 3:13—14



DIENSGETUIENIS-BEDIENING

Die Diensgetuienisbediening fokus hoofsaaklik op barmhartigheid, sending en evangelisasie. Die bediening is derhalwe in drie Taakspanne georganiseer, naamlik

Taakspan: Barmhartigheid. Die taakspan is ideaal vir lidmate wat hulle “omgee-passie” wil uitleef aangesien die taakspan fokus op alimentasie van hulpbehoewende gesinne/persone. Die gemeente ondersteun ook Huis Yana (persone met skisofrenie) en Huis Quanessa (tehuis vir gestremde kinders en volwassenes). Die MootCare Motorwas en Mark (op 1ste Saterdag van elke maand) sorteer ook onder hierdie bediening. Hierdie projek fokus veral om aan werklose persone ‘n inkomste te verseker deur die motorwas-projek.

Taakspan: Sending. Die taakspan fokus veral om die evangelie na buite uit te dra en is aktief betrokke by die volgende sendelinge en sendinggebiede:

Laudium (Verspreiding van Bybels en ander literatuur; 'n deur-tot-deur uitreik onder die Moslems en die Hindoes elke Maandagaand).

Mosambiek – in Macomia - Ds Andries en Sunette Schwartz

Koerde – veral die Koerdiese kerke in Armenië en Georgië, en Dana en Samantha wat fokus op Noord-Irak met die Koerdiese Wargah kerk.

Sending Sonder Grense – Borgskappe word gewerf om in kinderhuiskinders in Oekraïne, Roemenië en Moldawië se geestelike, opvoedkundige, materiële en emosionele behoeftes te voorsien.



Getuienis Taakspan. Ons roeping as gemeente is om die lig van die wêreld te wees. Met woord en daad wil ons 'n verskil maak, sodat stukkende mense kan heel word en verlore mense verlos kan word! Ons is geroep om vissers van mense te wees. Ons doen dit onder andere deur fondse vir Bybels in te samel en Bybels te versprei. Ons bied ook toerusting tov evangelisasie aan sodat lidmate met groter vrymoedigheid ander van die Here kan vertel. En dan ondersteun ons ook ekumeniese sake in samewerking met ander Christelike kerke, onder andere die Pretoria Dowe gemeente en Christ for MOOT vir Christus (CMC).

Navrae. Enige navrae of indien jy betrokke wil raak by enige van hierdie Taakspanne, kontak gerus die Bedieningsleier Alan Prentice by 072 606 7421 of Ds Leon TaiT.

BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

DIENSGETUIENIS-BEDIENING: Sending

Liewe vriende,

Dit is met hartseer dat ons aan julle die volgende gebedsversoek stuur.

Soos baie van julle weet was die aanvalle op groter sentra in Cabo Delgado provinsie die einde van Maart 'n groot stap vorentoe vir die geweldenaars. Alle aanduidings was dat ISIS 'n al groter-wordende rol in die geweld begin speel het. Dit het na 'n verlore stryd vir die plaaslike bevolking gelyk.

Nadat die groep nader aan Pemba en Mueda (dorp waar 'n groot weermag basis is) beweeg het, is 'n groep huursoldate - 'n groep met wortels in Suid-Afrika en Zimbabwe - in die gebied ontplooi en daar was weer positiewe resultate en 'n hoop vir die plaaslike bevolking.

Vandag het ons egter vanaf verskillende mense verneem dat die huursoldate-groep onttrek het. Dit is skynbaar volgens berigte a g v 'n gebrek aan betaling. (Gegewens nie deur amptelike bronne bevestig nie, maar hoogs waarskynlik waar)

Dit verklaar waarskynlik waarom daar die afgelope paar dae weer opnuut baie aanvalle oor 'n groot gebied in die provinsie was - ook rondom Macomia.

Andries praat gereeld telefonies met vriende en broers in Macomia. Een van die omroepers is vandag Pemba toe en het vertel van baie mense langs die pad wat met hulle besittings op hulle koppe daarheen oppad is - en Pemba is reeds oorvol vlugtelinge.

Somige plaaslike mense toon al hoe meer simpatie met die geweldenaars – dit o.a. na negatiewe ervarings met eie verdedigingsmagte.

Sommige sendingorganisasies het hulle mense tydelik uit die provinsie onttrek. Ander moet moeilike besluite neem in 'n baie onseker en potensieel gevaarlike tyd. Daar is party wat met al hulle aardse besittings en fondse, hulle in die provinsie gevestig het met die doel om langtermyn daar te dien.

Ons vra dus dat julle sal bid vir die situasie - dit het verder uitkringende implikasies vir die streek en sy mense, die verkondiging van die evangelie, sending gesinne en kerklike werkers asook vir die res van Suidelike Afrika.

In die verlede was dat ons ervaring dat ons gebede 'n groot verskil gemaak het. Ek vra jou om in geloof, saam ons, voor ons Vader te kniel en om na sy ingryping te vra en met vertroue daarop te wag. Moet dus nie moeg word om te bid nie. Dit het 'n kragtige uitwerking.

In Christus, *Andries en Sunette*

*Andries Schwartz
Macomia, Mozambique*

Lockdown in die “Pastorie”

26 Maart 2020 het aangebreek met ‘n klein bietjie onsekerheid, vrees en so ‘n bietjie onderdrukte opgewondenheid. Niemand weet wat om te verwag nie en dit voel so half soos iets om na uit te sien...3 weke se lockdown en gesinstyd. Amper soos ‘n bonus vakansietjie.

Die eerste oggend is ons vroeg op, want ons moet in ‘n roetine bly. Leon maak hom tuis voor die televisie sodat hy op datum kan bly van wat alles in die wêreld aangaan... Ek spring op die treadmill, want ons gaan fiks bly... Die seuns kom loer elke nou-en-dan om te sien wat die nuus sê! Die grappies stroom in op whatsapp en die resepte op Faceboek. Ek bak en brou soos nog nooit in my lewe nie...piesangbrood, maaskaastert, sjokoladekoek, mieliebrood, pepermintkrisptert, witkoek, vlaskywe, wafels, plaatkoekies, melktert, sago-poeding en mieliekoekies. Leon bak vir die eerste keer in sy lewe brood...met net 3 bestanddele! Dis lekker in lockdown. Ons eet elke ete as gesin saam. Tussendeur is Leon besig op sy rekenaar met reëlins oor kospakkies, kerksake, afkondigings, verjaarsdae, ens.

Na die 2de week word aangekondig dat die lockdown met 2 weke verleng word. Die snaaks is so bietjie verby... My wekker word vir ‘n uur later gestel in die oggend... (daar gaan die roetine), Leon sê ons kan nie so aanhou eet nie, die skaal is hom nie genadig nie. Die seuns kom nie meer kyk wat op die nuus aangaan nie. Die legkaart word weggepak (net die rant is gebou...), Leon is al hoe meer voor sy rekenaar besig met preke, ens. Dan moet die preke nog opgeneem word. Die selfoon word tussen 2 tissue-bokse op ‘n blik, op ons eetkamertafel staangemaak. Ons oefen, en oefen om dit reg te kry en toe ons weer sien word die eerste preek 23:45 in die nag opgeneem. Nou moet ons nog leer hoe om dit op Youtube te sit...dankie vir Ruan in ons huis, die jeug weet baie meer as ons.

Ek werk verwoed aan volgende jaar se kralevoorbeelde, want “wat klaar is is klaar”. Leon vee vloere en was skottelgoed, Ruan maak koffie, Stephan pak skottelgoed weg en ek maak kos en doen wasgoed (waar is

my Elsie nou?). Die lockdown is nie meer so snaaks nie. Vir die eerste keer in 3 weke moet een van ons winkels toe gaan....

Skielik besef ons dat ons nie meer so baie saam koffie drink nie, Leon sit van 9:00 tot 23:30 voor sy rekenaar, ek werk aan krale-patrone, Ruan se klasse begin en Stephan kry weer beskuit-bestellings. Die lewe gaan aan.

Maar iewers besef ‘n mens ook dat jy iets van jouself leer. Jou roetine is tog anders, die pas is stadiger en rustiger. Ons kry meer tyd vir gesinsgodsdien, ek sit die Bybel-app op my foon op sy “speaker-funksie” terwyl ek werk. Ek bel my ouers elke dag om te hoor of hulle okei is, ek maak ‘n punt daarvan om my hele familie gereeld te whatsapp en ook my vriendinne, net om te hoor of almal se gemoedere nog okei is. Ek stuur borde kos oor die muur vir ons buurvrou wat alleen bly. Ek sit buite by die lapa en werk i.p.v. in my studeerkamer en die lekker verrassing tref my: ek geniet my eie geselskap. Dit is net ek, my gedagtes en my gesprekke met my Skepper terwyl ek so op my eie werk. Wat ‘n voorreg.

Die realiteit tref my van hoe bevoorreg ons is om in ‘n huis ge-lockdown te wees. Ons kan in ons tuin gaan sit, ons kan by die lapa eet, ek kan op die treadmill loop, ek kan resepte uittoets, want ons het krag en kos. Ons het internet en ‘n rekenaar en is dus nie afgesny van die buitewêreld nie.

Dis asof God die hele wêreld tot stilstand geruk het. Ons lees en hoor orals hoe die planeet weer skoon en nuut word. Diere kom weer uit, die lug is skoon, dolfyne swem op plekke waar hulle nog nooit voorheen gesien is nie. Ons sien foto’s van wilde diere wat in die pad in die Kruger Wildtuin lê.

My gemoed ry wipplank, want toe fase 4 aangekondig word, besef ons, dat ons Kaapse kuiertjie afgestel moet word. Vliegkaartjies moet geskuif word en dit beteken ons gaan nie my broer en suster sien nie. Daarby is dit vir my ook soos vir baie ander mense: “no work, no pay”.

MAAR,... wat ‘n voorreg om rustiger in die gemak van ons huis met ons

lewens op 'n nuwe manier te kan aangaan. Aanpassings word gemaak, planne word beraam. Bure leer mekaar weer ken, ons selgroep stig 'n nuwe whatsapp-groepie vir die lockdown-tyd, ek sny vir die eerste keer in my lewe gras. Mense maak weer kontak met mekaar, gesinne span-deer weer tyd saam. En ek besef....ons gaan nog hierdie tyd mis. God gebruik hierdie geleentheid om ons weer perspektief oor dinge te laat kry. Hy is steeds in beheer! Die hele wêreld is tot stilstand geruk, 'n Stilte kom lê in my by die wete dat hierdie ding buite ons beheer is. Dit is nou die tyd om weer volkome oor te gee en by God se voete te gaan sit.

Mag ons nooit weer teruggaan na hoe dit voor die lockdown was nie. Mag ons nooit weer so gejaagd wees nie. Mag ek vorentoe steeds tyd hê om tussen die werk deur buite op die gras te sit en te sien hoe die sprinkaan, bye en die akkedissies saam met my die naderende winter-sonnetjie opsoek. Ek glo dat hierdie tyd ook net 'n seisoen gaan wees soos die winter wat nou nader kruip. lewers gaan ons somer weer kom. lewers gaan ons weer saamkuier. lewers gaan ons weer saam kerk toe gaan. lewers gaan almal weer volle salarisse kry. lewers gaan ons weer vryelik winkels toe kan gaan of werk toe kan gaan. lewers gaan ons we-er op ons eie tyd kan gaan stap, sonder reëls oor wanneer ons tuis moet wees.

Mag ons elkeen hierdie seisoen in ons lewe omhels en die beste daar-van maak. Mag ons vorentoe terugkyk en sê dat ons hierdie grasie-tyd benut het. Mag God na ons kyk en sê "My kinders weet ek is hier, Ek is trots op My kinders en op hoe hulle hierdie situasie hanteer".

Lig op jou kop, bel 'n familielid, pak 'n kas reg, stuur vir die bure 'n eetdingetjie, bly positief en maak God groot in hierdie tyd. Ons is bevoorreg om deel van hierdie stukkie geskiedenis te wees.

Alle eer aan God Drie-Enig, my Verlosser.

30 April 2020

Monique Tait

Happy Go Lucky Bouncing Fun

!!Kindervermaak!!

Springkastele, glybane en vele meer te huur vir kind-er-partytjies, einge tipe funksie,ens

Kontak Jaco Malan @ 064 461 7903



Happy Go Lucky Bouncing Fun



NG Kerk Rietfontein-Suid

Finansiële verslag vir 1 Januarie tot 30 April 2020

Inkomste vir die tydperk: R695 214

Uitgawe vir die tydperk: R652 333

Netto fondse R 42 881

Baie dankie aan elkeen wat 'n verskil maak met julle dankoffers.

Goeie Nuus storie tydens grendeltyd:

Anonieme donasie gaan duisende weerlose kinders help

Sean Esterhuizen van Diaconia van die NG Kerk skryf die volgende na aanleiding van 'n anonieme donasie.

“Kry so vinnig en prakties moontlik kos by weerlose kinders terwyl die land deur die korona-pandemie lamgelê word,” was die pleidooi van ‘n anonieme donateur van R1 miljoen aan Little Seeds, die gesamentlike vroeëkindontwikkelingsprogram van Badisa (dis die CMR van die Wes-Kaap) en Diaconia.

Hierdie oproep tot aksie behels dat, terwyl die land ‘n totale inperking beleef en Little Seeds primêr hul dienste lewer met behulp van vrywilligers, 2 913 kinders bereik moet word in meer as 60 gemeenskappe versprei oor die Wes-Kaap.

Die personeel van Little Seeds saam met vrywilligers, VKO-sentrums, maatskaplike kantore en gemeentes is tans druk besig om planne in plek te stel om hierdie noodsaaklike diens aan ons kinders en hul families te lewer. Faktore soos dieetvoorkeure, menswaardigheid en selfbeskikking word ook deurentyd in ag geneem.

Alhoewel die donateur verkies om anoniem te bly, is toestemming verkry om hierdie donasie bekend te maak as ‘n bevestiging en uitnodiging dat die kerk en sy strukture beskikbaar en bereidwillig is om in vennootskappe te tree met die publiek, publieke organisasies, maatskappye en die regering om sodoende weerloses te help, nie net tydens hierdie kritiese tyd wat ons beleef nie, maar ook op ‘n meer permanente basis in die toekoms.

WEGNEEMETES (Vanaf 6 Januarie beskikbaar vanaf 13:00)

Huis Janri verskaf heerlike boerekos middagetes/aandetes vir wegneem

Sondae 2 gang R60

Maandae tot Donderdae R45

Kontak Marie by 082 6204 545(whatsapp) 082 698 3290(sel)

Huis Janri Tehuis vir Bejaardes Ben Swartstraat 593 Gezina

Gelde word aangewend vir opgradering

Waar U lei, sal ek meegaan

*Die Here bepaal ‘n mens se koers; hoe sal
‘n mens weet waarheen hy moet gaan?*

Spreek 20:24

As God ‘n mens se lewe beheer, moet jy jou hou aan die rigtingwysers van liefde, geduld, virendelikheid, vergifnis, goedheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Dan beskou jy elke gebeurtenis in jou lewe teen die agtergrond van die groter geheel.

In die geestelike koninkryk kan jy nie koppig jou eie pad loop wat deur jou eie blinde hart beplan is nie.

As jy daarna streef om volgens God se wil te lewe, sal iets van Hom in jou gees vasgevang raak en in jou gesindheid teenoor die lewe weer-kaats word. Jy sal ‘n aanvoeling ontwikkel wat jou in staat sal stel om die klein maar belangrike dinge te waardeer, sonder om af te wyk van die groot dinge van jou bestaan.

Ozroveh S. (2008) Genade vir elke Oomblik,
Christian Art Gifts RSA, bl. 31 Mei

